NJS-0002-0002-004

NHLENGETHWA, SAM


# INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS

## Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat

| Bron nr. | Datum | Onderwerp nr. | Knipsel nr. |
| --- | --- | --- | --- |
| 0035 | 9009150258 | | |

BK NK has on Tek

**Beeld** Jg.............. Nr.......................... P..//....... Dat. 15 SEP 1990



Een van Sam Nhlengethwa se skilderye by die tentoonstelling in Cassirer Fine Art.

# Eenvoud, empatie val op

Sam Nhlengethwa,
Daniel Phaladi
Cassirer Fine Art

**Lucia Burger** BK Kuns

SKILDERYE en collage deur Sam Nhlengethwa en beeldhouwerk uit hout deur Daniel Phaladi is tans in die Cassirer (Mutual-plein 13, Rosebank, Johannesburg) te sien.

Sam Nhlengethwa vertoon abstrakte werk waarin hy die klem plaas op die tekstuele opbou van die medium met die toevoeging van gevonde materiaal. Hy skilder egter ook heerlik vereenvoudigde tonele uit sy verwysingswêreld en illustreer met collage landelike en stedelike tonele. Die klem is deurgaans op diep, ryk kleur wat soms direk verwys na Ndebele-krale – die kleure gloei met dieselfde intensiteit as glas.

Daniel Phaladi is reeds bekend vir sy klein houtfiguurtjies op bolvormige voetstukke. Met hierdie tentoonstelling vertoon hy veel vorser en ruimer beelde, steeds uit inheemse hout, maar met die klem op opvallende skaal, uitdrukking en tog eenvoud. Voorbeelde hiervan is veral *Mother love* en *Jobless*.

*Mother love* is uit roeskleurige hout gekap en toon 'n voëlagtige gedierte met groot oog, stomp vlerke en reuse-kloue waartussen 'n kleintjie gekoester word. Soos met *Jobless*, wek die werk empatie vir die duidelike kwesbaarheid wat uit beide groepe spreek.

☐ **Eindig vandag.**

**TREFWOORDE**

1 ................
2 ................
3 ................
4 ................
5 ................
6 ................
7 ................
8 ................
9 ................
10 ................